This page was exported from - Somerstrand Gemeente
Export date: Tue Apr 13 19:35:13 2021 / +0000 GMT

Dag 2 - Lees Hebreërs 4:12-14 ? As God met ons praat, word alles blootgelê

Die diepste belydenis van die Christelike kerk is dat God vandag nog met ons praat. Hebreërs sê dat die Woord van God lewend en kragtig is, skerper as enige swaard, en die bedoelinge van die hart beoordeel. As God met ons praat, word alles blootgelê; niks is vir Hom onsigbaar nie.
Dink na oor die feit dat 'n mens aan hierdie God moet rekenskap gee - van hoe jy geluister het en daaraan gehoorsaam was.